



# trinitas

## 1 Verlos

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.*

*Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

**SONDAG, 6 AUGUSTUS 2017**

**OGGEND 09:00**

**GOD HET ONS AFGESONDER OM IN DIE GELOOF TEEN DWALING TE STRY**

Skriflesing: Judas 3-19

Diere is geskep om deur hulle drange beheer en gedryf te word. Hierdie instink is dit wat 'n leeu dryf om te jag, swaeltjies dryf om te migreer en miere om kos te versamel. Die mens verskil egter van die dier daarin dat ons drange ons nie beheer nie – dit alleen getuig reeds van God se genade.

Ongelukkig, weens die sondeval en die sondige wêreld, word soveel mense deur hulle drange gedryf – God gee hulle ook oor aan hulle eie drange. Hierdie mense dring dikwels die kerk en ons gemeenskappe binne. Dit is egter nie altyd ooglopend en duidelik nie.

Daarom het God ons ook afgesonder om teen hierdie dwalings te stry wat ons aanval.

**AANDBYEENKOMS 18:00**

**VERLEENTHEID OF GELEENTHEID?**

Skriflesing: Kolossense 4

Ons kry dikwels met mense te doen wat hulself ook Christene noem. Maar wanneer ons verder met hulle gesels, kom ons agter dat dit wat hulle werklik glo ons eerder ongemaklik laat voel. Hoe leer die Here ons om hierdie situasies van verleenthede te omskep in geleenthede?

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### Dinsdag, 8 Augustus

Bybelstudie 18:30  
(Stinkhoutsingel 18)  
Bybelstudie 19:00

### Vrydag, 11 Augustus

Manne-oggend 05:45

#### **SONDAGAANDE: 4E KWARTAAL**

Datum	Geleentheid
6 Augustus	Aandbyeenkoms
13 Augustus	Aandbyeenkoms
20 Augustus	Aandbyeenkoms
27 Augustus	Nagmaal (19:00)



facebook.com/GKTrinitas



## 2 Familie

### **LIEF EN LEED**

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Babs van Zyl is die afgelope week oorlede. Ons innige meegevoel met Lizel ☎0169322902 en Kobie van Zyl ☎0834574458 en ander familie.
- Ons innige meegevoel met Amarie ☎0828731657 en Hennie Weber wie se seun Deon, die afgelope Donderdagoggend oorlede is. Die troosdiens is volgende Saterdag om 11:00.
- Hartlik geluk aan Malinda Pieterse ☎0712353575 wat gister in die huwelik bevestig is.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swarkry en vreugdes.**

### **VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!**

06/08	Andries Erasmus	☎0727874657
06/08	Fanus Janeke	☎0169321312
06/08	Ané Nieuwoudt	☎0713530687
07/08	Pieter Odendaal	☎0783304017
07/08	Annemarie Plaatjies	☎0790804865
07/08	Mollie Redelinghuys	☎0169322989
07/08	Lize van der Schyff	☎0827800405
07/08	Lia vd Westhuizen	☎0827078932
08/08	Anne-Marie Snyman	☎0798756743
08/08	Nick van Jaarsveld	☎0846663364
09/08	Martie Slump	☎0836951398
10/08	André Duvenage	☎0837387368
10/08	Jossie Potgieter	☎0169319310
11/08	Lukas Coetsee	☎0731106029
12/08	Ria Collet	☎0729025382
12/08	Dudley Thompson	☎016932 4904
12/08	Anna-Marie Voges	☎0791075363

### **SPEZIALE VERJAARSDAE**

7 Aug. Mollie Redelinghuys, 90.

10 Aug. André Duvenage, 83.

10 Aug. Jossie Potgieter, 82.

### HUWELIKSHERDENKINGS

12 Aug.	Chris en Amanda Vermaak ☎0741659957	50 jaar
---------	--	---------

### SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

*Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besondere mylpale te bereik.*

### ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

### NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

### HUISBESOEKVORMS

Indien jy huisbesoek deur enige ampsdraer wil ontvang, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie (by die deure beskikbaar)** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

### BYBELSTUDIES

**Dinsdae om 18:30.** Stinkhoutsingel 18  
(Christa Snyman ☎0798779882).

**Dinsdae om 19:00.**

**Woensdae om 09:00** by die kerkgebou.  
(**GEEN** Bybelstudie Woensdagoggend nie, dis vakansiedag.)

### VERJAARSDAGTEE

As familie vier ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae. Die volgende verjaarsdagtee vind op 13 Augustus plaas. Kaartjies @ R10 elk vir 'n koppie sop en 'n broodjie

vir die geleentheid, is vanoggend by die Welkomhoekie te koop.

Groete: Gasvryheid-diensgroep



## Dienskneg

### ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes vd Walt

### OUDERLINGE AAN DIENS

Jacob Tromp, Dolf Jonker

### DIAKENS AAN DIENS

Casper en Tina J v Vuuren

### KOSTER AAN DIENS

Elsa Prinsloo

### KOLLEKTES

#### Onder die erediens vir Diakonale Kas

06/08 – Teologiese Studentekas

13/08 –Deputate Jeugsorg

### VERKIESING VAN OUDERLINGE

U weet hoe die kerkraad gereeld sê dat ons nog ouderlinge benodig. Voorheen is manne dikwels om verkeerde redes as ouderlinge voorgestel. Daar was nie altyd behoorlik gelet op gawes en eienskappe nie. Hierdie proses het soms veroorsaak dat manne verkeerdelik verkies word tot groot frustrasie en nadeel van beide die gemeente en die ouderling self. Nadat ons begin het om volgens ons nuwe bedieningsmodel te funksioneer, het die kerkraad ook besluit dat daar meer noukeurig gelet moet word op manne se gawes en eienskappe. Ons besef deeglik dat almal diensbaar moet wees in die gemeente, maar ons besef ook dat elkeen vir verskillende tipes dienswerk geroep word. Wanneer iemand dus as ouderling

voorgestel of verkies word, beteken dit dat die kerkraad in hom die eienskappe soos uiteengesit in 1 Timoteus 3 verse 1 – 7 sien. Ons besef ook dat almal baie besig is en tyd is beperk, maar hier geld die spreekwoord van "vele hande, ligte werk". Die kerkraad sal graag bereidwillige manne onderrig en help groei ten einde ouderlinge te word. Bespreek gerus enige navrae met jou ouderling of enige ander ouderling.

### **DATABORDDIENS**

Behartig deur die Tegniese span.

### **GEHOORAPPARATE**

Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

### **TEESKINK**

Vanoggend skink Lynette Roelofse se groeie. Sondag 13 Aug. skink die Gasvryheidsgroeie tee. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroeie.



## **JEUGBEDIENING**

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 30 Julie:

### **Graad 1 – 3**

EENHEID 5: MY KERKFAMILIE

### **Graad 4 – 6**

EENHEID 5: REIS SAAM MET JOSUA

### **Graad 7 – 9**

EENHEID 3: VRUG VAN DIE GEES

EENHEID 4: BEREIK JOU WÊRELD

### **Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)**

VERLOSSING

*Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk, maar indien daar ander reëlins is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrieff nie, aangesien hulle ook mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp groeie. **Neem kennis dat jeugkleingroeie vir Graad 7 – 11 Sondag om 16:30 sal plaasvind.** Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aand diens.*

### **KINDER-EREDIENSBEGELEIDING**

Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groeie verdeel en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik.

### ***Ons benodig meer mense om te help!***

Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus ook vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

### **DIENSGROEPE**

Agter in die saal, langs die welkomtoonbank, is daar plakkate met al die huidige diensgroeie van Trinitas. Kyk gerus daarna en kontak die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

## SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Indien jy belangstel om deel te word van die siekebesoek diensgroep, kontak gerus vir James en Toetie Terblanche  
☎0825723328, 0718721741 of  
0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen



### Doel van die diensgroep

- ✓ MW kan belydende manne of vroue wees wat die gawes, gewilligheid en tyd het om die ouderlinge in hul dienswerk van huisbesoek en die vestiging van kleingroepe onder medegelowiges in die gemeente by te staan
- ✓ MW neem nie die taak en rol van ouderlinge of diakens oor nie, maar werk saam met en onder toesig van die ouderlinge met die spesifieke gerigtheid op onderlinge geestelike versorging van lidmate in die gemeente
- ✓ MW word nie formeel in 'n spesifieke amp bevestig soos ouderlinge of diakens nie, woon nie Kerkraadsvergaderings by nie en het ook nie deel in die regeer-amp van ouderlinge nie

## MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerlyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton  
☎0834685243 met enige vrae.

## Medewerkers



Koördineerder:  
**Alan Brotherton**

Tel: 083 468 5243

E-pos: alanbro@absamail.co.za

- ✓ MW sal terugvoer gee van die lidmate wat hy/sy besoek aan die ouderling van die betrokke wyk/kleingroep waarin daar diens verrig word
- ✓ Van MW sal slegs verwag word om na gelang van sy/haar kapasiteit lidmate te besoek (dit beteken in die praktyk dat daar sommige medewerkers mag wees met so min as een besoekpunt, terwyl ander dalk tien mag hê)



Wanneer jy by 'n diensgroep aansluit, word jy outomaties deel van hulle Whatsapp-groep sodat jy op datum kan bly van hulle planne en doelwitte, asook jou rol in die diensgroep. Kontak gerus die koördineerder vir meer inligting.

## PROJEK – GROEIPYNE

Trinitas-familie het 'n wonderlike probleem! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doeltreffend kan gebruik. As spesiale projek wil ons 'n skeepsvraghouer (*container*) aankoop. Die koste beloop ongeveer R25 000. Enige bydraes hiervoor kan gemaak word in ons rekening. Merk dit as 'Groeipyne'.



**DIE HELPER** is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakke of bejaarde lidmate, en vir enkelopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎0832561387.

## DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

## KRUIDENIERSWARE BENODIG

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop (**plaas skenkings in die groot houer in die saal**): Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde

groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie. Indien jy graag wil help om eenkeer per maand die kruideniersware-pakkies te pak, kan julle gerus jou naam deurgee aan die kerkkantoor of Jolani Lourens ☎0823359586.

## HERWINNING

Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal by die herwinningsarea af tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer. Kontak Maureen van Helden ☎0823922093 vir die volledige lys.

## VERSPREIDING VAN KLERE

Kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

## 4 Gestuur

## EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,  
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of  
Christa Snyman ☎0798779882.

## ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎0834491036  
Bydraes: Aksie Uitrek, ABSA, rek no. 9055971748



**Kontakpersoon:**  
Hardus Visser  
☎0828215642



## ALGEMEEN

### BELANGRIKE DATUMS VIR AUGUSTUS

9 Aug. Vrouedag

13 Aug. Verjaarsdagtee en Ouderling-vergadering

20 Aug. Diakonievergadering

27 Aug. Nagmaal 09:00 en 19:00 (Familie-ete 12:00)

### GKSA NUUS

#### OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- GK Jeugkatoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- FEBA Radio
- Biltongfees – GK Parys
- Damesoggend, GK Kameeldrift, ten bate van Pres. Kruger Kinderhuise.

**Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.**

#### BEROEPE AANVAAR

Ds. N Pienaar (Nikolaas) van Pretoria-Wes na Oos-Londen

#### KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA ([www.kruispad.net](http://www.kruispad.net)). Stuur 'n e-pos aan [kantoor@kruispad.net](mailto:kantoor@kruispad.net) indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

#### KLEIN ADVERTENSIES

- Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrieff.

- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.

- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop hoenders, lam-, skaap-, bees- en varkveis. Kontak hom gerus vir pryse.

- KUNSKLASSE graad 8 – 12  
Het jy 'n passie vir kuns? Kom raak deel van 'n kreatiewe omgewing! Kontak Rineke Visser 071 877 8260.

#### TRINITAS-BOEKHOEK

Franciska vd Merwe ☎0827818032.

#### KONTAK ONS

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



GKTrinitas

**Kerkkantoor:** Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

[kantoor@gktrinitas.co.za](mailto:kantoor@gktrinitas.co.za)

Faks no.: 086 219 5728

**Skriba:** Gerrit van Wyk 0823328550

**Koster:** Elsa Prinsloo 0794778699

**Afloskoster: VAKANT**

**Orrelis:** Nannes v.d. Walt 0833041841

**Bankbesonderhede van kerk:**

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark

Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

**Diakonie bankbesonderhede:**

ABSA Tjekrekening 530340457

**Predikant:** Peter Venter

☎0797338778

[peter@gktrinitas.co.za](mailto:peter@gktrinitas.co.za)

## NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daarvoor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kring kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

*Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.*

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
  - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
  - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
  - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laaste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.